Sondag

15 September 2019 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Verlorenheid

Skriflesing: Lukas 15:1-11

Broodjies vir die pad

"I simply believe that some part of the human Self or Soul is not subject to the laws of space and time."
— Carl Jung

"My Lord God, I have no idea where I am going. I do not see the road ahead of me. I cannot know for certain where it will end. Nor do I really know myself, and the fact that I think that I am following your will does not mean that I am actually doing so. But I believe that the desire to please you does in fact please you. And I hope I have that desire in all that I am doing. I hope that I will never do anything apart from that desire. And I know that if I do this you will lead me by the right road though I may know nothing about it. Therefore will I trust you always though I may seem to be lost and in the shadow of death. I will not fear, for you are ever with me, and you will never leave me to face my perils alone."
— Thomas Merton, Thoughts in Solitude

The first thing that strikes me about these parables is how many years I spent misreading them. For a long time, I thought that the lost lamb and the lost coin represented sinners "out there." Out there beyond the fold, beyond the home country I call Christianity, beyond the purview of God, the Church, and me. But no. The lost lamb in the first parable belongs to the shepherd's flock from the very beginning of the story — it is his lamb. Likewise, the coin in the second parable belongs to the woman before she loses it; the coin is one of her very own. In other words, these parables are not about lost outsiders finding salvation and becoming Christians. These parables are about us, the insiders. The church-goers, the bread-and-wine consumers, the Bible readers. These are parables about lostness on the inside.

https://www.journeywithjesus.net/lectionary-essays/current-essay?id=744

"Anyone who has lost something they thought was theirs forever finally comes to realise that nothing really belongs to them."
— Paulo Coelho

"Our ignorance can be divided into problems and mysteries. When we face a problem, we may not know its solution, but we have insight, increasing knowledge, and an inkling of what we are looking for. When we face a mystery, however, we can only stare in wonder and bewilderment, not knowing what an explanation would even look like."
— Noam Chomsky

"The way to love anything is to realize that it may be lost."
— G.K. Chesterton

"The transient vacuities of our cultural icons—success, peace, happiness, and distraction—pale before the question of whether or not one experiences this life as meaningful."
— James Hollis, Finding Meaning in the Second Half of Life: How to Finally, Really Grow Up

Hoekom ek nie van die woord 'sonde' hou nie

Tanya van Wyk

Ek hou nie van die woord "sonde" nie. Dit is egter nie iets wat teologiestudente noodwendig wil hoor nie. Baie kerkmense ook nie.

Meer dikwels beleef ek eerder fanatiese pogings om die teenwoordigheid van sonde te beskerm of te verdedig.

Trouens, in die eerste jaar wat ek aan die universiteit begin klasgee het, skryf 'n student in 'n taak vir my: "Dit is tyd dat sonde die regmatige plek as verkeerd inneem."

Die hooftema van die taak was Christelike etiek.

'n Paar weke gelede maak 'n student tydens 'n lesing 'n soortgelyke opmerking as antwoord op die vraag "kan die kerk té inklusief wees". Die student meen daar is grense aan die kerk se inklusiwiteit, want die kerk moet waak teen "dwaalleer".

Binne 'n paar minute ontaard die klasgesprek in 'n gesprek oor sonde.

Net daar beeld die studente die rede uit waarom ek nie van die woord "sonde" hou nie: Vir die meeste gaan dit oor 'n lys van moets en moenies. Die groter menslike toestand, juis as toestand, word misgekyk.

Daar word gefikseer op ’n lys, en as jy alles wat op die lys is, nié doen nie (lees: nie aan skuldig is nie), kan jy jouself op ’n manier verontskuldig van die gemors van die menslike toestand en kan jy op ’n afstand en op abstrakte wyse die mensdom in “goed” en “sleg” verdeel.

So het ’n student eenkeer ná afloop van ’n lesing na my toe gekom en vir my sy sondelys gegee, asof hy my wou herinner aan dié dinge wat hy meen “steeds” sonde is.

Hierdie fenomeen het my lank in my teologie besig gehou.

Wat sou die rede wees vir die laertrekkery rondom sonde?

Probeer ons dit afsonder en beskerm sodat ons ’n rede het vir die wyse waarop ons onophoudelik optree?

Probeer ons iets skep waarop ons die skuld kan pak?

Of probeer ons iemand as sondebok uitsonder sodat ons ons hande in onskuld kan was?

As ’n gelowige glo ek vas dat die Evangelie ons grootste bondgenoot is in die voortdurende stryd tussen goed en kwaad.

Ná byna 17 jaar wat ek met teologie besig is, weet ek steeds nie hoe ’n fanatiese verdediging van sonde ons bystaan in ons pogings om die kwade te beveg nie.

Of om die skade wat die menslike toestand aanrig, te probeer herstel nie.

Dr. Van Wyk is ’n senior lektor in sistematiese teologie aan die Universiteit van Pretoria.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/hoekom-ek-nie-van-die-woord-sonde-hou-nie-20190910

“People take different roads seeking fulfillment and happiness. Just because they’re not on your road doesn’t mean they’ve gotten lost.”
— Dalai Lama XIV

“we can become like Christ by doing one thing—by following him in the overall style of life he chose for himself.”
— Dallas Willard, The Spirit of the Disciplines: Understanding How God Changes Lives

---

Brood vir die pad

Die ondernemer het toe altyd ’n manelpak gedra

Dana Snyman

‘Onthou jy hoe het ons eers begrafnis gehou?” Douw kyk oor sy glas na my.

“Praat jy van ’n begrafnis in ’n kerk?” vra ek.

“Einste. Gewoonlik elfuur op ’n weeksoggend.” Hy wys na die glas voor my op die tafel. “Nog ene vir jou?”

Ek knik. Hy beduie ’n kelner nader. “Nog twee hier, babba. Asseblief. Dieselfde. Met lekker baie ys.” Hy kyk weer na my.

“Die begrafnisondernemer was altyd so ’n lang, bleek man in ’n swart manelpak. Het altyd by die deur gestaan en blaadjies uitdeel.”

“Dan vat jy ’n blaadjie en gaan sit en dan speel die orrel.”

“En dan kom die familie in en gaan sit in die voorste ry.”

“Dan staan die dominee op, dan sing ons: ‘Staan my by, o, Heiland . . .’ ”

“Jy vergeet iets: Voor ons gesing het, het die dominee eers sy innige simpatie met die naasbestaandes betuig. ‘Ons voel saam met julle,’ het hy altyd gesê.”

“Iewers in sy preek het hy die lewe met ’n wedloop vergelyk. Nes Paulus. Daarna lees hy die begrafnisbrief: ‘Dit het die God van hemel en aarde behaag . . .’ ”

Die kelner sit ’n glas voor ons elkeen neer. “Dit het my altyd bang gemaak daardie woord: Behaag. Dit het die Here van hemel en aarde beháág.” Douw lig sy glas. “/Cheers/.” Ek lig my glas. “/Cheers/.”

“Die ergste was die bedankings in die kerk. Die seun of broer van die een wat dood is, kom staan voor staan en haal ’n opgevoude stuk papier uit sy baadjie se binnesak. Nog voor hy begin praat, weet jy al hy gaan huil.”

Douw kyk na sy glas. “Jameson bly maar ’n lekker whiskey.”

“Ek stem. Onthou jy die dominee het altyd gevra ons moet ons hoofligte in die stoet na die begraafplaas aanskakel.”

“Waaraan dink jy as jy aan ’n begraafplaas dink?”

“Sipresse. Sipresbome. Die reuk van sipresse.”

“Waar is die ander?”

Ons kyk om ons rond. Dis nog net ek en Douw by die tafel in Roxy’s se VIP room waar ons ons ou skoolvriend, Gys, se lewe gevier het.

Gys se broer, ’n doktor van Stellenbosch, en Gys se oudste dogter, Tania, het elk ’n mooi huldeblyk oor hom gelewer: Hoe Gys se gesin vir hom alles was, hoe lojaal hy aan sy vriende was. Sy skerp intellek. Sy humorsin.

Daarna het ons gekyk na ’n video wat Tania se man saamgestel het met foto’s uit Gys se lewe. Toe het ons begin kuier. Carin, Gys se vrou, is vroeg al weg.

“Wat sal jy altyd van Gys onthou?”

“Hy was mal oor John Steinbeck.”

“Is jy nog reg daar?” Douw wys na my glas.

“Ons moet seker gaan.” Ons lig ons glase weer. “Stof tot stof.”

“Stof tot stof.”

“Op Gys.”

“Op Gys.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-ondernemer-het-toe-altyd-n-manelpak-gedra-20190909-2

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Mag jou pad gelyk en reguit loop,
’n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.
Mag die son jou siel verbly,
die reën sag sif oor jou land.
En, tot ons weer ontmoet,
hou God jou in Sy hand.

— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877